

Tema: Om te wag op God op God se belofte...

Skriflesing: Handeling 1 : 1 - 12

Die Handeling is deur dieselfde Lukas geskryf as die Lukas van die evangelie. In hierdie evangelie is die onderwerp alles wat Jesus begin doen en leer het tot by Sy hemelvaart, terwyl dit hier in Handeling gaan om die voortsetting van sy werk op aarde deur die Heilige Gees, wat Hy in en deur die apostels en ons, Sy liggaam, werk.

Die evangelie het Jesus as voorbeeld vir ons voorgehou. Ons het verlede Donderdag Sy hemelvaart gevier in Lukas 24. Daar het ons gelees dat Hy sy dissipels vir nog 40 dae onderrig het voordat Hy opgevaar het na die hemel. Nou is hulle geskool in sy Woord, en hulle wag op die krag van die Heilige Gees...

Lees Handeling 1:1-8

Wat vir Johannes Calvyn uitgestaan het rondom die hemelvaart van Christus is dat Hy nie net weg gegaan het nie, maar moeite gedoen het om eers die wie Hy uitgekies het te versorg. Voordat Jesus in die hemel opgeneem is, het Hy deur die Heilige Gees aan diegene wat Hy gekies het, bevele gegee. Hy het hulle nie net verlaat en op hul eie laat aangaan sonder enige leiding nie. Deur die Gees het Hy hulle bemaagtig.

Hy het ook iets vir Sy dissipels geleer wat ek dink baie van ons vandag kan aanleer... Geduld. Hy het vir Sy dissipels gevra, nee, beveel om in Jerusalem te wag. Gemaklik op 'n keer toe hulle saam aan tafel was, het Hy hulle beveel "...bly wag op die gawe wat die Vader belowe het..."

In vers 6 vra die dissipels vir Jesus of dit nou die tyd is wat Hy weer die koninkryk van Israel gaan oprig. Die dissipels het hier waarskynlik nog nie die insig gehad dat Jesus 'n baie groter visie gehad het nie, en dat Sy koninkryk baie groter as net Israel strek. Hoe baie kyk ons ongeduldig in ons eie koninkryke vas sonder om die groter koninkryk van God raak te sien?

Jesus antwoord hulle ook op hulle vraag deur hulle te vertel dat dit nie in hulle mag is om te weet wanneer die koninkryk in sy volle gestalte sal verskyn nie. Daardie mag behoort aan die Vader, Hy sal bepaal wanneer wat gebeur. Die Vader het die tye in sy mag, of onder sy beheer, geplaas. Die Vader alleen stel die toekomstige tye vas en die tyd waarop hulle in vervulling gaan. Die Here sal

aan ons antwoorde gee presies op die regte tyd, Hy weet wanneer is die regte tyd.

Die apostels moes wag vir die regte tyd, wanneer daardie tyd sou wees mag hulle nie geweet het nie, hulle moes egter sorg dat hulle reg sou wees wanneer daardie tyd kom.

Hulle mag wel geweet het dat hulle krag van die Heilige Gees sou ontvang, en dat hulle dan getuies van Jesus Christus moes wees. Hulle mag geweet het wat hulle taak vir die toekoms was, maar wanneer hulle daardie taak moes uitvoer, daarvoor sou hulle moes wag.

Deur die krag van die Heilige Gees sou hulle dinge doen waarvoor hulle vroer nie kans gesien het nie. Hulle sou getuies van Jesus wees! As jy die krag van die Heilige Gees gehad het, wat sou jy doen waarvoor jy nie nou kans sien nie? Alles wat die apostels sou doen en se sou saamgevat kon word as "getuies van Jesus Christus". Is alles wat jy doen 'n getuienis van Jesus Christus?

Die inhoud van die apostels se getuienis sou nie hulle eie ervarings wees nie, maar alles wat Jesus gese en gedoen het en wat met Hom gebeur het. In vers 8 is die gedeelte "en julle sal my getuies wees" sowel 'n profetiese uitspraak as 'n bevel. Dit is ook Lukas se formulering van 'n sendingopdrag. Die apostels sou dus die krag ontvang om sy getuies te wees. In en deur die krag van die Heilige Gees sou hulle in diens van die Koninkryk staan.

Die oomblik wanneer die apostels die Heilige Gees ontvang, kom die einde van die aarde aan die orde. Die wereld is nou die arbeidsveld waarin die koninkryk van God opgerig word en nie langer alleen die Joodse volk soos vroer nie.

In vers 8 word ook vertel oor hoe daar getuig moet word. Om naby te begin en al verder te gaan getuig soos wat die geleentehede oopgaan om te getuig.

So die eenvoudige vraag van die apostels in vers 6 word deur Jesus self in drie dele beantwoord.

Eerstens, vra hulle vir die Here of dit nou die tyd is. Wil julle weet wanneer die geskikte tyd is? Wag op die Here! Wag in die stilte op sy stem. Moet niks waag doen sonder dat julle 'n duidelike opdrag van die Here deur sy Gees ontvang het

nie. As julle iets vanuit juisself probeer doen gaan dit nie werk nie. 'n Plan sal slegs suksesvol wees wanneer die Here daardie plan aan jou openbaar en jou die opdrag gee om dit uit te voer, wanneer Hy se jy dit moet uitvoer.

Oor wanneer daar vir die Here gewerk moet word moet ons wag, wag en luister na Sy stem.

Tweedens, hulle vra Hom of dit nou die tyd is wanneer Hy die koninkryk gaan vestig. Hulle wil weet wanneer Hy gaan werk. Hy antwoord hulle weer persoonlik deur dit aan hulle duidelik te maak dat Hy hulle sal bemagtig deur die Gees om self die koninkryk te vestig. Hulle gaan dit doen deur die werking van die Heilige Gees. Ons word beveel om die koninkryk te vestig deur die gawes wat die Here aan ons gee deur die Heilige Gees.

Dit is dus ons verantwoordelikheid laat die koninkryk kom. Ons sal krag ontvang wanneer die Gees oor ons kom. Ons sal Sy getuies wees. Ons sal ook nie ons eie verhale vertel nie, maar ons sal soos sy apostels getuig van wat Hy gese en gedoen het. Hy is die perfekte voorbeeld om oor te getuig.

Derdens, hulle vra wanneer Hy die koninkryk vir Israel gaan oprig. Hy antwoord hulle dat die koninkryk anders as wat hulle gedink het, vir baie meer as net Israel bedoel is. Dit is feitlik vir almal bedoel. Hy illustreer hierdie feit aan hulle, deur hulle te wys dat hulle moet begin getuig in Jerusalem, dan na Judea, dan Samaria en aanhou tot die uithoeke van die wereld. Met ander woorde die apostels moes getuig deur hulle gawes van die Gees aan die hele wereld van die getuienis van Jesus Christus.

Ons getuienis moet dus nie net gebeur sodat ons eie koninkryk gevestig word nie. Ons getuienis moet juis gebeur sodat almal in die hele wereld deel kan wees van dieselfde koninkryk, sodat my koninkryk jou koninkryk kan wees, en sodat ons koninkryk die ewige koninkryk van God kan wees.

So met vandag se teks waar die apostels moes wag op die belofte van God word drie dinge duidelik.

Ons moet luister na die tyd van die Gees. Ons moet bereidwillig wees om self die werk van die Gees te doen en ons moet ons opdrag van die Gees nie beperk tot ons eie gemaksones nie.

Die Here Jesus Christus belowe ons elkeen: "Ons sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor ons kom, en ons sal deur daardie krag getuies wees tot in die uithoeke van die wereld."

Moenie haastig weggaan nie, maar bly wag op die gawe wat die Vader jou belowe!

Amen